# VOLKSBESLUITE 4 – 6

4 – 11 Junie 2025


## VOLKSBESLUIT 4: ZABR embleem

1. **Boer Republiek Embleme vanuit die verlede en simboliek:**
   Die twee bekendste historiese Boer Republieke, die Republiek van die Oranje Vrijstaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek of die Republiek van die Transvaal het beide hul eie unieke embleme gehad en was onderskeidelik as volg uitgebeeld:




Daar word gesê dat die Oranje Vrijstaat se vlag die bande tussen die OVS en Nederland verteenwoordig, en sy koninklike huis (van Oranje).

"*Drie skepe uit Europa gooi anker in die Kaap en vestig 'n halfwegstasie om handel na die Ooste te bevorder. Families verlaat die Kaap op hulle waens vir vryheid, om in Geloof gehoorsaamheid aan hulle Skepper, in die Boom van Lewe te mag deel.*" Die voorspoedige regering waarvan Jes.11:6 spreek, word uitgebeeld.







"*Families met die moed van 'n leeu, klim op hulle waens en met geweer aan die sy gaan manne die land binne en vestig hulle gesinne eendragtig in die Transvaal.*"

Die volk word gevra om voorstelle te maak wat ‘n nuwe, maar tog bekende embleem, sal uitbeeld waaronder die Boer Republieke in eenheid gaan staan.

**2. Voorstelle vanuit die volk ontvang:**

1. Kombinasie 1 van OVS en ZAR Embleme.
   Simboliek soortgelyk aan die van die 2 Republieke se Embleme soos hier bo gesien.




2. Kombinasie 2 van OVS en ZAR Embleme.
   Die blou en wit in die embleem is omgeruil teenoor voorbeeld 1 om meer verteenwoordiging te wees met die motiewe: Arend = lug = blou; Man = Boer = Wit.




3. Nuwe Eenvoudige Konsep.
   Heel eenvoudig, glad nie ingewikkeld of "besig' nie. Dog bekend aan simboliek. Simboliek dieselfde as Oranje Vrijstaat se Embleem: Boom van die Lewe & die voorspoedige regering waarvan Jes.11:6.



4. Nuwe Konsep.






Simboliseer die Laerorde met Tent van Samekoms in die middel soos opgeteken in Numeri 2.

Rooi - Oorlog, lewenskragtigheid, rewolusie en mag (Bloed, geoffer vir ons);
Oranje - Opoffering en waagmoed;
Groen - Vrugbaarheid, voorspoed en landbou-oorvloed;
Blou - Voorpoedig, waaksaamheid, bevryding en vasberadenheid
(Lug, opkyk na die Hemel waar ons Hulp vandaan kom);
Wit - Reinheid, harmonie en Vrede

Die Boom van die Lewe, kennis van goed of kwaad, staan in die middel van die Tuin van Eden.

Die rooi blok rondom die "Tent van Samekoms" in die middel, verteenwoordig die Bloed van Gesalfde Lam, ons Hoëpriester en Middelaar tot onse ALMAGTIGE Vader. Deur Sy Bloed het ons toegang tot die Boom van die Lewe.

Jes.11:12 "en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde."
Opg.7:1 "En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie."
Opg.20:8 "en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat
in die vier hoeke van die aarde is."

Die vlae wat simbolies 'n KRUIS maak, dui daarop dat die Boervolk gestem het: TEEN die verkeerde bestel, VIR selfbeskikking, ONDER die Skild (wat die volk verteenwoordig) se Skriftuurlike Fondasie.

3. **Volksbesluit:**
Van 4 tot 11 Junie 2025 stem die volk hieroor en die volk se keuse is dat die versamel Embleem van die 21 Boer Republieke Voorstel 1 moet wees.




| Finale stem | | FINALE KEUSE |
|---|---|---|
| 44% | 1 |  |
| 31% | 2 | |
| 7% | 3 | |
| 18% | 4 | |

## VOLKSBESLUIT 5: ZABR Seël

1. **Agtergrond:**
Daar moet op ‘n seël motief besluit word waarmee die egtheid van dokumentasie deur die ZABR, verseël gaan word.

Voorstelle word van die volk gevra.

**2. Voorstelle vanuit die volk ontvang.**

Simboliek:

Sedert 1799 het die Boere in die Oos-Kaap hul verset teen die Britse Regering agv hul onregverdige behandeling teenoor die Boere en dat hul nie die Boere ondersteun het teen die roof- en moord togte van die Koi en swart stamme nie. In1815 het dit 'n hoogtepunt bereik tydens die gebeure by Slagtersnek waar 5 Boere onregverdig en met groot vernedering gehang is. Hier is die Boervolk gebore en het haar vryheid gesoek. Dit het etlike jare daarna gelei tot die Groot Trek.

Vandag, 210 jaar later, staan die Boervolk steeds onder 'n groot onregverdige verdrukking en vernedering wat deur die owerhede op haar af geforseer word, maar daardie wil tot Vryheid bestaan steeds. Oom Siener van Rensburg het gesien hoe die Boervolk weer haar vryheid met die pen opneem.

Die twee hande wat mekaar groet, simboliseer die Boer wat in EENHEID saam gevoeg is.

**3. Volksbesluit:**

Van 4 tot 11 Junie 2025 stem die volk hieroor en die volk kies:

| Finale stem | | FINALE KEUSE |
|---|---|---|
| 38% | 1 | |
| 22% | 2 | |
| 25% | 3 | |
| 15% | 4 | |

## VOLKSBESLUIT 6: ZABR Hoof Reg-Bemiddelaar

**1. Agtergrond:**

Daar moet 'n "Hoofregter" aangestel word om die ZABR dokumentasie te bekragtig asook om die Boervolk se reg binne die Volkshof te middel. Aangesien "regter" tradisioneel verbind word met iemand wat regte gestudeer het en praktiseer en dit nie in die Boervolk noodwendig die geval of vereiste is nie, word daar besluit dat die term "Hoof Reg-bemiddelaar" meer beskrywend in Boers sal wees.

Die belangrikste eienskappe waaraan voldoen moet word is die volgende:

- Kennis van Boervolk gemene- en gewoontereg;
- Die Volksaak dryf en bereid is om die Volk se saak te verdedig;
- Ervaring hê van die Statutêre howe en hoe om die lewende man/vrou daar uit te hou;
- Vresend teenoor onse ALMAGTIGE Hemelse Vader leef;
- Status moet herstel wees, m.a.w. hy moet as ‘n soewereine lewende man onder die jurisdiksie van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke val;
- Moet die Verklaring van Getrouheid teenoor die Zuid-Afrikaansche Boervolk asook die ZABR Ampseed aflê.

Die volk word gevra om kandidate te nomineer en te sekondeer. Slegs nominasies wat gesekondeer word en homself bereidwillig in diens van die ZAB verklaar, kan in aanmerking kom vir hierdie amp.

Slegs Fanie van Jaarsveld word voorgestel, genomineer en verklaar homself dienswillig.

2. **Volksbesluit:**
Die volk word gevra of Rudolph van Jaarsveld in hierdie amp aangestel kan word. Van 4 tot 11 Junie 2025 stem die volk hieroor.

| Finale stem | | FINALE KEUSE |
|---|---|---|
| **100%** | 1 | **Ja<br>Hoof Reg-Bemiddelaar<br>Rudolph van Jaarsveld** |
| **0%** | 2 | |
| | | |